**Oordenking**
**7 April 2009**

## Jesus aan die kruis – sy moeder en sy dissipel

***Joh 19:26 - 27*** *Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar: "Daar is u seun." Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder." Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem.*

Hierdie is meer as net ‘n woord aan ‘n hartseer Maria. ‘n Dieper betekenis word deur die vers wat hierop volg suggereer: *"Hierna het Jesus, met die wete dat alles klaar volbring is..." (vs 28a*). Die woorde en dade van Jesus wys daarop dat die werk wat sy Vader Hom gegee het om te doen, nou afgehandel is. Deur Maria die moeder van die geliefde dissipel te maak, en hom haar seun, voltooi wat Jesus deur sy Vader gestuur is om te doen.

Let mooi op wat gebeur. Jesus hang aan die kruis. Daar onder staan twee mense wat ten spyte van die kruis, steeds in Hom glo. By die kruis word ‘n nuwe familie gevorm. Die bloed van Christus bring vir ons ‘n nuwe tuiste tot stand. Deur sy verlossingswerk aan die kruis vorm Jesus die familie van verlostes. Ons ken dié familie as die Kerk!

Nou moet ons twee dinge doen. Eerstens moet ons God prys vir dié geseënde familie waaraan ek mag behoort. Tweedens moet ek doen wat dit ook al vra om van die kerk te maak wat Jesus volgens hierdie woorde, haar bedoel het om te wees: ware gelowiges wat liefhet, omgee en elkeen wat deel daarvan is, ondersteun en dra.